VERJAARSDAE : 30 APRIL TOT 6 MEI 2006

04/30	TERTIUS SNYMAN	SMUTSLN 236	664 2650	Wyk 05Ab
04/30	CARLA FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	083 781 0353	Wyk 08Ab
04/30	RINA NEL	STASIEWEG 1	664 4941	Wyk 18Aa
05/01	JACOB ZEEMAN	STASIEWEG 51	082 724 2382	Wyk 20Ab
05/01	SHANNYN STEYN	KRUGERLN 85(B)	664 3253	Wyk 20Aa
05/02	CHRISMIE SCHOLTZ	DF MALANLN 255	664 1172	Wyk 07Ab
05/02	RITA CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 119	664 3093	Wyk 13Aa
05/03	HELEEN NEL	HANS STRIJDOMLN 51	664 2276	Wyk 18Aa
05/03	TANIA NEÜ	KRUGERLN 250A	664 2645	Wyk 07Ac
05/05	MICHELLE JANSON	2DE STRAAT 2	664 1608	Wyk 02Aa
05/05	ROHAN VON SOLMS	HANS STRIJDOMLN 110A	664 1168	Wyk 14Aa
05/05	DEWALD VON SOLMS	HANS STRIJDOMLN 110A	664 1168	Wyk 14Aa
05/05	FRANS-JACQUES VAN ROOYEN	KRUGERLN 199	664 3360	Wyk 11Ab
05/05	ELRICH YSSEL	LANGEBRINKWEG 47	664 7053	Wyk 15Ac
05/06	LETTIE LEACH	KRUGERLN 290	664 3163	Wyk 04Aa

HUWELIKHERDENKINGS 30 APRIL TOT 6 MEI 2006

3 MEI:

TJAART EN STEPHANIE DUVENAGE	HOFMEYERWEG 52	664 0635	Wyk 07Ab

NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 30 APRIL 2006

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

SONDAG, 30 APRIL

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Voorbereiding)

MAANDAG, 1 MEI

Werkersdag

DINSDAG, 2 MEI

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 3 MEI

17:30 Biduur
19:00 Bedieningskommissie vergadering

SATERDAG, 6 MEI

10:00 Vrouediens: Modeparade

SONDAG, 7 MEI

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman
10:30 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman
18:30 Gesinsnagmaal (Kategese) Ds Freddie Schoeman

DINSDAG, 9 MEI

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 10 MEI

17:30 Biduur

SONDAG 14 MEI

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kleutereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

KERKRAADSVERGADERING

Die geskeduleerde kerkraadsvergadering verskuif van 19 April na 10 MEI 2006 om 19:00. Sal kerkraadslede asseblief hierdie wysiging in hulle dagboeke aanbring.

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Kobus en Elize Badenhorst en Erika en Wernich Pienaar van die Gastehuis met Elize en Erika se moeder wat siek is.
2. Tannie Joey James (Van Riebeeckln 34, 664-3930) met haar broer wat oorlede is.
3. Joz en Toekie Joubert, Van Riebeeckln 41, 664-2152, met Toekie wat in die intensiewesorg eenheid van Unitashospitaal is.
4. Shane en Petro Dalhouzie, 4de Straat 3 LMB, 082 909 3590, met Petro wat in die hospitaal is.

AKSIE TWEE +

Getroudes en gesinne met jong kinders

28 Mei: Johan Herholdt oor
Jou Persoonlikheid en jou Verhoudings

VERANDERING VAN WYKGRENSE EN INDELING VAN WYKE

'n kaart is in die Gemeentesentrum opgesit sodat lidmate hulle daarvan kan gewis waar hulle wykgrense is en wat die nuwe nommers is.

ONTHOU

WOENSDAG, 3 MEI

19:00 Bedieningskom. Vergadering

SONDAG, 7 MEI

Drie Nagmaalgeleenthede

WOENSDAG, 10 MEI

19:00 Kerkraadsvergadering

40 dae

Fokus ons verhouding met mekaar

'n Oorvloedige lewe is 'n lewe wat oorvloei van *liefde, vrede en vreugde*. Dis 'n lewe wat *baie* vrugte dra (Joh 15:8); 'n ryk, vol lewe wat sin maak en betekenis het. Baie mense kies om 'n saai lewe te leef wat op die ou end geen waarde het nie. Hoekom dan so 'n lewe leef as die Here vir ons soveel méér in gedagte het? Kom ontdek in drie fokus-tye van 40 dae elk wat dit beteken om 'n lewe-in-oorvloed te leef! (Joh 10:10)

Volgende kwartaal gaan ons ons tweede tydperk van 40 dae binne. Waar ons hierdie kwartaal gefokus het op ons verhouding met God, gaan ons tydens die tweede kwartaal fokus op ons verhouding met *mekaar*.

Die temas tydens hierdie 40 dae is:

- Sondag 30 April: Voorbereiding en toewyding met die oog op die 40 dae fokustyd.
- Sondag 7 Mei: *Die huisgesin van God.*
- Sondag 14 Mei Die huisgesin van God *vergewe* mekaar [*Genade* is die basis van ons verhouding met mekaar
- Sondag 21 Mei: Die huisgesing van God *versorg* mekaar [*Gemeenskap* is die konteks van ons verhouding met mekaar.]
- Sondag 28 Mei: Die huisgesin van God *versterk* mekaar [Gebed—en meer spesifiek gesamentllike aanbidding—is die kern van ons verhouding met mekaar.]
- Sondag 4 Junie: Die huisgesin van God *verryk* mekaar. [Groei is die potensiaal van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 11 Junie: *Vervul* jou funksie in die huisgesin van God. [*Gehoor-saamheid* is die doel van ons verhouding met mekaar.]

Onderliggend aan elkeen van hierdie temas is die vyf waardes van ons gemeente, nl. genade, gemeenskap, gebed, groei, gehoorsaamheid. Hierdie waardes is gekoppel aan die vyf vernaamste take van 'n gemeente volgens Ef 4:11, nl. sending (apostoliese taak); aanbidding (profetiese taak); gemeenskapsbediening (evangeliese taak); onderlinge versorging (herderlike taak); toerusting (leer-taak). ***Sien tabel.***

Temas	Waarde	Ef 4:11	Taak	Uitkoms
Verheug (Basis)	Genade	Evangeliste	Gemeenskaps-bediening	Lewensvrede
Vertrou (Konteks)	Gemeenskap	Herders	Onderlinge ver-sorging	Lewenstuiste
Verdiep (Kern)	Gebed	Profete	Aanbidding	Lewenskrag
Vernuwe (Potensiaal)	Groei	Leraars	Toerusting	Lewensvernu-wing
Verbind (Doel)	Gehoorsaamheid	Apostels	Sending	Lewensver-vulling

KLUB IMMERGROEN
PAASFEES 'N VREUGDEFEES
22 APRIL 2006

Onder die bekwame leiding van die immergroen Gerty Basson het die Klub Immergroen weer 'n heerlike oggend aangebied vir die lidmate wat jonk van gees is maar nie meer so jonk van liggaam is nie.

Dit was 'n voorreg om Paasfees te kon ervaar deur saam met die Jubilaté-koor onder leiding van Dolly Pienaar deur woord en lied Jesus se lydingsweg te volg.

'n Vreugdefees want soos die koor se laaste lied getuig het: ***Christus leef nou en ons leef in Hom.***

Is daar lidmate wat nog nie so 'n byeenkoms van Klub Immergroen bygewoon het nie? Kom volgende keer en geniet 'n geleentheid van gesellige verkeer en geestelike verryking

VROUEDIENS : MODEPARADE
SATERDAG 6 MEI — 10:00

Kom geniet 'n oggend met 'n verskil! Ons bied 'n vertoning aan van uitrustings vir dames, mans en jongmense.

Daarmee saam is daar ook uitstallings van grimering, juwele en gesondheidsprodukte.

Kom en maak 'n verskil in jou en ander se lewens. Dit beloof om 'n heerlike oggend te wees. Ons wil jou graag daar hê.

Ons soek gasvroue om ons te help. Ons soek ook modelle om vir ons die uitrus-tings te vertoon — kinders, dames en mans. As daar jong dames is wat hierdie beroep wil volg is dit 'n gulde geleentheid om hul vernuf te kom toon!

Kaartjies is beskikbaar by: Antionette van Rensburg (083 533 0812)
Charlotte Mostert (644 2990)
Liefie Terblanche (084 205 9667)
Marita de Jager (664 4720)

DANKBETUIGING

Ons wil graag baie dankie sê aan die lidmate wat in die afgelope tyd met Rina se rugoperasie en die hersteltydperk wat daarop gevolg het, weer bevestig het dat hulle die gemeenskap van die gelowiges beoefen. Ons waardeer gebede, telefoonoproepe, SMS'e, besoeke, etes, verversings en ander vorms van meelewing.

Dit bly steeds vir ons 'n wonderlike voorreg om lidmate van Lyttelton-Oos te wees.

Dries en Rina van der Merwe